

UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT



FAKULTEIT REGSGELEERDHEID NAGRAADSE GRADE EN DIPLOMAS 2010



DEKAAN
PROF JJ HENNING



FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

Die Fakulteit Regsgeleerdheid aan die Universiteit van die Vrystaat is geleë digby die Hoogste Hof van Appèl en is een van die oudste regs fakulteite in Suid-Afrika.

Die Fakulteit strewende daarna om deur voortreflike onderrig bekwame persone, wat beskik oor internasionaal erkende grade van besondere aansien, aan die professies te lewer.

Regsopvoeding maak die deur oop vir 'n wye verskeidenheid professies, onder andere die prokureursprofessie, die advokatuur, regsadviseurs, arbeidskonsultante, staatsaanklaers, landdroste, en die versekering- en bankbedryf.

Die Fakulteit doen navorsing wat internasionale aansien geniet, en is ook ten nouste betrokke by samelewingsdiens, waarby die UV Regskliniek en verskeie sentrums in die Fakulteit direk betrokke is.

Die Fakulteit geniet noue bande met buitelandse regskole en regs fakulteite, veral in Brittanje, Europa en die VSA.

Die Fakulteit spog ook met die Kopsie-Regs alumni, 'n vereniging van lojale oud-studente en die *Collegium Iurisprudentium*, 'n adviespaneel vir die Fakulteit.



VISIE

Die Fakulteit streef daarna om binne die breër verband van die UV se visie as 'n uitnemende billike en innoverende universiteit:

- ❑ Nasionaal en internasionaal voortdurend erkenning vir die gehalte van sy aktiwiteite en die prestasies van sy studente en sy personeellede te handhaaf en uit te bou.
- ❑ Deurlopend 'n nasionale en streekperspektief te handhaaf in sy werksaamhede.
- ❑ Binne eie konteks by te dra tot die heropbou en ontwikkeling van die hele gemeenskap.

MISSIE

Met die visie, missie en waardes van die UV as vertrekpunt, is die **missie** van die Fakulteit om geregtigheidsbewuste regswetenskap te beoefen, te bevorder en te onderrig.

Studente Etiese Kode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna strewende dat my handeling altyd in die openbare belang sal wees en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n regspraktisyn toegelaat te word.

As toekomstige juris sal ek te alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit, en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

Nie-nakoming van die erekode kan stuiting in alle regstudies aan die Universiteit van die Vrystaat tot gevolg hê, of dat 'n gedragssertifikaat, benodig vir toelating tot die regsprofessies, geweier word.

Dosente Etiese Kode

Ek verbind my plegtig tot die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en ek onderneem om sy reg te handhaaf en sy regstelsel te onderhou en te bevorder.

Ek verbind my daartoe om al die reëls en regulasies van die Universiteit van die Vrystaat en die Fakulteit Regsgeleerdheid getrou na te kom.

Ek verbind my tot die handhawing van hoë morele en etiese standaarde.

Ek sal daarna streef dat my handeling altyd in die openbare belang sal wees en ter bevordering van die goeie naam van die Universiteit en die Fakulteit.

Ek sal die waardigheid sowel as die professionele tradisie en kultuur van die regsprofessie in stand hou.

My optrede sal sodanig wees dat ek altyd as 'n geskikte en gepaste persoon beskou sal word om as 'n regspraktisyn toegelaat te kan word.

As juris sal ek te alle tye onkreukbare eerlikheid aan die dag lê.

Ek sal 'n hoë standaard van integriteit handhaaf.

Ek sal objektief, onpartydig en billik optree.

Ek sal my werkvermoë tot sy volle potensiaal benut.

Ek onderwerp my aan die gedragskode van die Universiteit en die Fakulteit, en aan enige dissiplinêre maatreël indien ek te eniger tyd sou versuim om my ondernemings na te kom.

Alle korrespondensie aangaande akademiese aangeleenthede moet gerig word aan:

**Die Registrateur
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

Telefoon: 051 401 9111

Faks: 051 401 2117

Navrae met betrekking tot regstudies kan gerig word aan:

**Die Fakulteitsekretaris
Fakulteit Regsgeleerdheid
Universiteit van die Vrystaat
Posbus 339
BLOEMFONTEIN
9300**

Telefoon: 051 401 2451/401 9777/401 2735

Faks: 051 444 5013

INHOUD

ADRES	6
INHOUD	7
PERSONEEL	8
DOKTORSGRAAD	20
MAGISTERGRAAD	23
SILLABUSSE	40
DIPLOMAS	120
NAGRAADSE DIPLOMA IN ARBEIDSREG	120
NAGRAADSE DIPLOMA IN FINANSIËLE BEPLANNINGSREG	122
GEVORDERDE NAGRAADSE DIPLOMA IN FINANSIËLE BEPLANNINGSREG	124

PERSONEEL

Dekaan:

Prof JJ Henning** [B.Iur. LL.B., LL.D. (UOVS), Hon. FSALS, Hon.Coif (Kentucky); Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE AKADEMIESE PERSONEEL

(Departementele Voorsitters word met 'n asterisk aangedui *)

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LL.B. (Honours) (London), Ph.D. (Law) (London), Ph.D. (Law) (Cantab), LL.D. (Honoris Causa) (Dickinson), LL.D. (Honoris Causa) (UV)]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [B.A. Regte (cum laude), LL.B. (cum laude)(UP), Visepresident van die Hoogste Hof van Appèlhof van Suid-Afrika]

Prof MM Katz [B.Com., LL.B. (Wits), LL.M. (Harvard), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Prof J Baloro* [LL.B. (Ghana), LL.M. (Temple), Ph.D. (London), Advokaat van die Hoë Hof van Ghana]

Mnr PS Brits [B.Com. (cum laude) (UOVS), B.Com. (Hons), LL.B. (cum laude) (Pret), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me M Conradie [LL.B., M.A. (Latyn) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr HJ Deacon [LL.B. (UOVS), LL.M. (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me A de Bruyn [B.Com., LL.B., Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (UV)]

Prof MJ Dednam [B.Com., LL.B. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof JJ Henning**

Me SA Hyland [LL.B., LL.M. (cum laude), Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me T Matsaneng [LL.B. (UOVS), LL.M. (UV)]

Adv WM Oosthuizen [B.Proc., LL.B., LL.M., CFP™, Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof E Snyman-van Deventer [B.lur., LL.M., LL.M., LL.D. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me Y-F Wen [LL.B. (UOVS), LL.M. (UV)]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [B.A., LL.B. (UOVS), LL.M. (cum laude) (Unisa), LL.D. (Honoris Causa) (UV)]

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [B.A., LL.B., LL.M. (cum laude) (US)]

Adv JY Claasen (SC) [B.Com., LL.B. (UOVS), LL.D. (UP), Dr. Jur., LL.D. (Leiden)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [B.A., LL.B. (cum laude), LL.M (cum laude) (Wits)]

Prof W van der Westhuizen [B.lur., LL.B. (PU vir CHO), CTL (Unisa), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Mnr NJB Claassen* [B.lur., LL.B., LL.M. (cum laude) (UOVS), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr JT Faber [B.Proc., LL.B., LL.M. (cum laude) (UOVS), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof GH Fick [B.lur., B.Com., LL.B. (PU vir CHO), LL.M., DCL (McGill), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mev JG Horn [B.Proc., LL.B., LL.M. (UOVS), M.A. (HOS) (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof R-M Jansen [B.Soc.Sc. (Hons)(Verpl), B.lur., LL.B. (cum laude), LL.M. (cum laude) (UOVS), LL.D. (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr KL Mould [LL.B., LL.M. (UV), B.A. (Hons), Prokureur en Transportbesorger van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv BS Smith [B.Com. (UOVS), LL.B. (cum laude), LL.M. (cum laude) (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Straf- en Geneeskundige Reg

Buitengewone hoogleraars:

Haar Edele Appèlregter BJ van Heerden [B.A. (magna cum laude) (US), LL.B. (magna cum laude) (US), B.A. Honn. (Oxford University, Engeland), M.A. (Oxford University, Engeland)]

Prof T Verschoor [B.lur., LL.B., LL.D. (Pret), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Permanente doserende personeel:

Dr R Botha [B.lur., LL.B., LL.M., LL.D. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv HB Kruger [B.A. (Regte), LL.B., LL.M. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof H Oosthuizen* [B.lur., LL.B., LL.D., LL.D. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Proses- en Bewysreg

Buitengewone hoogleraar:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [B.Com., LL.B. (UOVS), Hon. FSALS]

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [B.lur., (UOVS), LL.B. (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me MG Karels [LL.B., LL.M. (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Adv JM Reyneke [B.Com. (Regte), LL.B. (PU vir CHO), LL.M. (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Dr CF Swanepoel* [B.A. LL.B. (US), LL.M. (UOVS), LL.D. (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Romeinse Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking

Buitengewone hoogleraars:

Sy Edele Appèlregter IG Farlam (SC) [B.A., LL.B. (UCT)]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [B.A., LL.B. (US), Drs. Jur. (cum laude), Dr. Jur. (Leiden)]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [B.A., LL.B., MA (Pret), Dr. Jur. (Leiden), Ph.D., LL.D. (UCT), D.Litt (UOVS)]

Permanente doserende personeel:

Adv JH de Bruin [B.Iur., LL.B., LL.M. (cum laude) (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof JJ Henning**

Dr NP Swartz [B.Proc., LL.B. (UOVS), B.A. (Latyn) Honn., M.A. (Latyn) Honn. (UV), LL.M. (cum laude) (UV), LL.D. (UV)]

Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone hoogleraars:

Prof RJ Cook [A.B. (Columbia), M.A. (Tufts) M.P.A. (Harvard), J.D. (Georgetown), LL.M. (Columbia), J.S.D. (Columbia), Attorney at Law Washington D.C. Bar]

Permanente doserende personeel:

Prof SA de Freitas* [B.Proc., LL.B., LL.M. (UOVS)]

Prof C Ngweni [LL.B., LL.M. (Wales)]

Prof JL Pretorius [B.Com., LL.B., B.A. Hons, LL.D. (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof AWG Raath [B.Iur., LL.B. (PU vir CHO), M.A., D.Phil (UOVS), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika en die Hoë Hof van Bophuthatswana]

Ou Mutual Leerstoel vir Ondernemingsreg

Prof JJ Henning**

Sentrum vir Ondernemingsreg

Prof JJ Henning (Hoof)**

Prof E Snyman-van Deventer

Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad

Buitengewone hoogleeraar:

Adv J Lubbe (SC) [B.lur. (UOVS), LL.B. (Unisa), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prof JJ Henning (Hoof)**

Adv JH de Bruin

Sentrum vir Geregtelike Uitnemendheid

Prof E Snyman-van Deventer (Hoof)

Sentrum vir Finansiële Beplanningsreg

Direkteur: Mnr WM Oosthuizen

Sentrum vir Boedelbeplanningsreg

Mnr PS Brits
Mnr JT Faber
Mnr KL Mould

Eenheid vir Geneeskundige Reg en Bio-etiek

Prof. H. Oosthuizen (Hoof)

Eenheid vir Kinderregte

Adv JM Reyneke (Hoof)

Eenheid vir Regshistoriese Navorsing

Direkteure:
Mev AJ Ellis
Dr NP Swartz

UV Regskliniek

Direkteur: Dr CF Swanepoel

Permanente doserende personeel:

Adv IJ Bezuidenhout [B.lur., (UOVS), LL.B. (UV), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Me MG Karels [LL.B., LL.M. (UV), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Mnr EC Muller [B.lur., LL.B. (UOVS), Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

PERMANENTE STEUNDIENSPERSONEEL

Me K Britz - Dekaansekretaresse

Mev SJ Burger - Senior Administratiewe Beampte

Mev H Erasmus - Fakulteitsekretaris

Mev A Kotzé - Fakulteitsbestuurder

Mev A Pieters - Senior Assistent Beampte

Mev SAM Viljoen - Administratiewe Assistent

Collegium Iurisprudentium

Inleiding

Die doel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat is om die kwaliteit van sy aktiwiteite voortdurend te verbeter. Daarom streef dié fakulteit daarna om oorsvloedige geleenthede vir sy personeel en studente te verseker om sodoende op hoogte te bly van regsrae wat spruit uit die statutêre milieu en sosio-ekonomiese orde in Suid-Afrika wat deur voortdurende verandering gekenmerk word. Dit word bewerkstellig deur te put uit die kundigheid en ervaring van die buitengewone en ereprofessore wat almal diep spore getrap het in verskeie sfere van die regspraktyk, hetsy as akademici, praktisyns of regters.

Doel

Die **Collegium Iurisprudentium** is die eksterne adviespaneel van die Fakulteit Regsgeleerdheid van die Universiteit van die Vrystaat. Die doel daarvan is om advies te gee oor die ontwikkeling van programme, modules of dissiplines; oor nuwe programme, modules of dissiplines; en oor die hersiening van bestaande programme, modules en dissiplines. Verder wil die adviespaneel verseker dat relevante skakels gemaak word met die gemeenskappe wat die kursusportefeulje van die Universiteit besiel. Die **Collegium Iurisprudentium** kan ook geleenthede skep vir plasings in die bedryf, personeelkonsultasie en die ontwikkeling van toegepaste navorsing.

Samestelling

- ❑ Al die buitengewone en ereprofessore van die Fakulteit Regsgeleerdheid, asook die Dekaan van Regte, is *ex officio*-lede van die **Collegium Iurisprudentium**.
- ❑ Voorsitter: 'n Buitengewone of ereprofessor van die Fakulteit aangestel deur die Dekaan van Regte na beraadslaging met die lede van die **Collegium Iurisprudentium**.
- ❑ Sekretaris: Die Fakulteitsbestuurder van die Fakulteit Regsgeleerdheid.

Opdrag

Om advies aan die Fakulteit te gee oor:

- ❑ Alle aspekte rakende die kwaliteit van sy aktiwiteite.
- ❑ Die kursusse en eenhede wat deur die Fakulteit onderrig word, insluitend die ontwikkeling van nuwe kursusse of eenhede.
- ❑ Onderrig en leer, insluitend onderrig en leer deur van aanlyn-, afstandsonderrig of buigbare leweringsmetodes gebruik te maak.
- ❑ Die vaardighede, kennis en houdings wat verlang word deur die werkgewers van gegraduateerdes wat die Skool se kursusse of eenhede voltooi het.
- ❑ Navorsing, insluitend geleenthede om navorsingsbefondsing te verkry.
- ❑ Die Fakulteit se ontwikkeling van die dissiplines wat in die Fakulteit omvat word.
- ❑ Professionele skakels en plasings in die bedryf.
- ❑ Konsultasiegeleenthede.
- ❑ Enige ander sake wat die Dekaan van Regte as toepaslik beskou.

President

Sy Edele Regter JJF Hefer (SC) [B.A., LL.B. (UOVS), LL.M. (cum laude) (Unisa), LL.D. (Honoris Causa) (UFS)], voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Lede

Handelsreg

Ereprofessor:

Prof BAK Rider [LL.B. (Honours) (London), Ph.D. (Law) (London), Ph.D. (Law) (Cantab), LL.D. (Honoris Causa) (Dickinson), LL.D. (Honoris Causa) (UV)]

Buitengewone professore:

Sy Edele Appèlregter LTC Harms [B.A. Regte (cum laude), LL.B. (cum laude)(UP), Visepresident van die Hoogste Hof van Appèlhof van Suid-Afrika]

Prof MM Katz [B.Com., LL.B. (Wits), LL.M. (Harvard)], Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Privaatreg

Ereprofessor:

Sy Edele Appèlregter JJF Hefer (SC) [B.A., LL.B. (UOVS), LL.M. (cum laude) (Unisa), LL.D. (Honoris Causa) (UV), voormalige Waarnemende Hoofregter van die Republiek van Suid-Afrika]

Buitengewone professore:

Sy Edele Appèlregter FDJ Brand (SC) [B.A., LL.B., LL.M. (cum laude) (US)], Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Adv JY Claasen (SC) [B.Com., LL.B. (UOVS), LL.D. (UP), Dr. Jur., LL.D. (Leiden)]

Haar Edele Appèlregter CH Lewis [B.A., LL.B. (cum laude), LL.M (cum laude) (Wits)]

Prof W van der Westhuizen [B.lur., LL.B. (PU vir CHO), CTL (Unisa)], Prokureur van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Straf- en Geneeskundige reg

Buitengewone professore:

Haar Edele Appèlregter BJ van Heerden [B.A. (magna cum laude) (US), LL.B. (magna cum laude) (US), B.A. Honn. (Oxford University, Engeland), M.A. (Oxford University, Engeland)]

Prof T Verschoor [B.lur., LL.B., LL.D. (Pret), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

Prosesreg en Bewysleer

Buitengewone professor:

Sy Edele Regter SPB Hancke (SC) [B.Com., LL.B. (UOVS), Hon. FSALS], Regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Romeins Reg, Regsgeskiedenis en Regsvergelyking

Buitengewone professore:

Sy Edele Appèlregter IG Farlam (SC) [B.A., LL.B. (UCT)], Regter van die Hoogste Hof van Appèl van Suid-Afrika]

Sy Edele Regter A Kruger (SC) [B.A., LL.B. (US), Drs. Jur. (cum laude), Dr. Jur. (Leiden)], Regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Vrystaat)]

Sy Edele Regter DH van Zyl (SC) [B.A., LL.B., M.A. (Pret), Dr. Jur. (Leiden), Ph.D., LL.D. (UCT), D.Litt. (UOVS)], Regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika (Kaap)]

Staatsreg en Regsfilosofie

Buitengewone professor:

Prof RJ Cook [A.B. (Columbia), M.A. (Tufts) M.P.A. (Harvard), J.D. (Georgetown), LL.M. (Columbia), J.S.D. (Columbia)], Attorney at Law Washington D.C. Bar]

Navorsingseenheid vir Ernstige Ekonomiese Misdaad

Buitengewone professor:

Adv. J Lubbe (SC) [B.Iur. (UOVS), LL.B. (Unisa), Advokaat van die Hoë Hof van Suid-Afrika]

GRADE

Benewens grade en diplomas wat die Universiteit in die toekoms mag instel, kan die volgende nagraadse grade en diplomas in die Fakulteit Regsgeleerdheid verwerf word:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Doctor Legum	2 jaar	LL.D.	3900
Magister Legum: Verhandeling Gestruktureerd	1 jaar	LL.M.	3701 3702- 3717
Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg	1 jaar	NDFB	3200
Gevorderde Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanningsreg	1 jaar	Gev NDFB	3201
Nagraadse Diploma in Arbeidsreg	1 jaar	NDAR	3202

DOKTORSGRAAD

Die volgende doktorsgraad word in die Fakulteit Regsgeleerdheid toegeken:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Doctor Legum	2 jaar	LL.D.	3900

Reg E13 DOCTOR LEGUM

Studente moet die bevoegdheid verwerf om as regsprofessionele vakspesialiste te kan optree.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om:

- ❑ 'n Lewenslange student te wees deur die bevoegdheid om op hoogte te bly van die nuutste regsontwikkelinge.
- ❑ As verantwoordelike burger deel te neem in plaaslike, nasionale en wêreldwye gemeenskappe.
- ❑ As regspraktisyn sensitief te wees vir kulturele en etniese diversiteit in die gemeenskap.
- ❑ Opvoedkunde en loopbaanmoontlikhede te verken en entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel.

Die suksesvolle kandidaat sal spesifiek in staat wees om:

- ❑ Regsprobleme te identifiseer en op te los deur krities en skeppend te dink.
- ❑ Persoonlike en professionele aktiwiteite op verantwoordelike etiese en effektiewe wyse te benader en te bestuur.
- ❑ Effektiewe regsnavorsing te doen deur die insameling, analisering en kritiese evaluering van inligting.
- ❑ Effektief skriftelik en mondeling te kommunikeer.
- ❑ Effektief mee te werk met ander in die samelewing.
- ❑ Tegnologie effektief en verantwoordelik te gebruik tot voordeel van die gemeenskap as geheel.
- ❑ Die reg as 'n komponent van 'n stelsel van interafhanklike sisteme te sien binne die gemeenskap waarbinne probleemoplossing nie in isolasie kan geskied nie.

REGULASIES

Die algemene regulasies van die UV ten opsigte van doktorsgrade is *mutatis mutandis* van toepassing op LL.D. studente in hierdie fakulteit.

Reg E13.1 Toelating

- (a) Om tot die LL.D. graadstudie toegelaat te word, moet 'n kandidaat minstens oor 'n LL.M. graad beskik.
- (b) Navorsingsvoorstel:
Kandidate moet **binne een jaar** na registrasie 'n volledige navorsingsvoorstel voorlê, wat deur die Fakulteitsraad goedgekeur word (onderworpe aan Reg A109), by versuim waarvan hy/sy nie toegelaat sal word om te herregistreer nie.
- (c) Herregistrasie:
Indien 'n kandidaat nie aan die vereistes gestel in Regulasie 13.1(b) voldoen nie, kan sodanige kandidaat slegs weer registreer nadat 'n skriftelike versoek om herregistrasie deur die Fakulteitskomitee oorweeg en goedgekeur is.

Reg E13.2 Proefskrif

'n Proefskrif vir die graad moet handel oor 'n onderwerp uit die regswetenskap.

Reg E13.3 Doktorale eksamen

- (i) Elke kandidaat vir die LL.D. graad onderwerp hom aan 'n doktorale eksamen wat bestaan uit 'n openbare verdediging van die proefskrif na inhandiging daarvan.
- (ii) Die kandidaat moet vir sowel die openbare verdediging as die proefskrif 'n slaagpunt behaal.

KURRIKULUMS

E13.4 HANDELSREG

‘n Proefskrif en eksamen (kode HRR 900)

E13.5 PRIVAATREG

‘n Proefskrif en eksamen (kode PRG 900)

E13.6 STRAF- EN GENEESKUNDIGE REG

‘n Proefskrif en eksamen (kode SFR 900)

E13.7 ROMEINSE REG EN REGSGESKIEDENIS

‘n Proefskrif en eksamen (kode RRR 900)

E13.8 STAATSREG EN REGSFILOSOFIE

‘n Proefskrif en eksamen (kode STR 900)

E13.9 PROSES- EN BEWYSREG

‘n Proefskrif en eksamen (kode PSR 900)

MAGISTERGRAAD

Die volgende magistergrade word in die Fakulteit toegeken:

Graad	Minimum periode van studie	Afkorting	Studie kode
Magister Legum	1 jaar	LL.M.	
Verhandeling			3701
Gestruktureerd (met uitgebreide navorsingskripsie)			3702
Reproduktiewe en Seksuele regte (met uitgebreide navorsingskripsie)			3703
Administratiefreg (met uitgebreide navorsingskripsie)			3706
Finansiële Beplanningsreg (met uitgebreide navorsingskripsie)			3708
Ondernemingsreg (met uitgebreide navorsingskripsie)			3710
Arbeidsreg (met uitgebreide navorsingskripsie)			3712
Internasionale Ekonomiese Reg (met uitgebreide navorsingskripsie)			3714
Regsleer (met uitgebreide navorsingskripsie)			3716

NAV 714 (Navorsingsmetodologie) word aangebied elke Vrydagaand in Maart en April. Bywoning van NAV 714 is verpligtend vir alle LL.M. studente.

REG E12 MAGISTER LEGUM

Studente moet die bevoegdheid verwerf om as regsprofessionele praktisyns te kan optree.

Die suksesvolle kandidaat sal in staat wees om:

- ❑ 'n Lewenslange student te wees deur die bevoegdheid om op hoogte te bly van die nuutste regsontwikkelinge.
- ❑ As verantwoordelike burger deel te neem in plaaslike, nasionale en wêreldwye gemeenskappe.
- ❑ As regspraktisyn sensitief te wees vir kulturele en etniese diversiteit in die gemeenskap.
- ❑ Opvoedkunde en loopbaanmoontlikhede te verken en entrepreneuriese vaardighede te ontwikkel.

Die suksesvolle kandidaat sal spesifiek in staat wees om:

- ❑ Regsprobleme te identifiseer en op te los deur krities en skeppend te dink.
- ❑ Persoonlike en professionele aktiwiteite op verantwoordelike etiese en effektiewe wyse te benader en te bestuur.
- ❑ Effektiewe regsnavorsing te doen deur die insameling, analisering en kritiese evaluering van inligting.
- ❑ Effektief skriftelik en mondeling te kommunikeer.
- ❑ Effektief mee te werk met ander in die samelewing.
- ❑ Tegnologie effektief en verantwoordelik te gebruik tot voordeel van die gemeenskap as geheel.
- ❑ Die reg as 'n komponent van 'n stelsel van interafhanklike sisteme te sien binne die gemeenskap waarbinne probleemoplossing nie in isolasie kan geskied nie.

REGULASIES

Die algemene regulasies van die UV ten opsigte van die magistergrade is *mutatis mutandis* van toepassing op LL.M.-kandidate in hierdie fakulteit vanaf 2004.

Reg E.12.1 Toelating en voortsetting

- a) Om tot die LL.M. graadstudie toegelaat te word, moes 'n kandidaat die LL.B. graad behaal het en **ten minste 60%** gemiddeld behaal het in die rigting(s) waarin hy/sy wil spesialiseer.
- b) Om die LL.M. studie voort te sit, moet die kandidaat binne die eerste jaar van registrasie aan die volgende vereistes voldoen:
 - 1. Studente wat 'n **LL.M. (verhandeling) (studiekode: 3701) in terme van E12.3(i)** doen, moet:
 - (i) 'n volledige navorsingsonderwerp voorlê wat deur die Fakulteitskomitee goedgekeur word, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsingsmetodologie (NAV714) gedurende die eerste semester bygewoon het.
 - 2. Studente wat 'n **LL.M. (gestruktureerd) (studiekode: 3702) in terme van E12.3(ii)** doen, moet:
 - (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum en 'n navorsingsonderwerp aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsingsmetodologie (NAV714) gedurende die eerste semester bygewoon het.

3. **Studente wat 'n LL.M. (gestruktureerd) (studiekode: 3703) in terme van E12.3(ii) doen, moet:**
 - (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum uit die modules MNR702, MNR703, MNR704 of MNR705 en 'n navorsingsonderwerp vir die module MNR791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.
4. **Studente wat 'n LL.M. (gestruktureerd) (studiekode: 3706) in terme van E12.3(ii) doen, moet:**
 - (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum uit die modules ADR701, ADR702, ADR703 of ADR704 en 'n navorsingsonderwerp vir die module ADR791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.
5. **Studente wat 'n LL.M. (gestruktureerd) (studiekode: 3708) in terme van E12.3(ii) doen, moet:**
 - (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum uit die modules FBR701, FBR702, FBR703, FBR704, FBR705, FBR706, FBR707 of FBR708 en 'n navorsingsonderwerp vir die module FBR791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.

6. Studente wat 'n **LL.M. (gestruktureerd)** (**studiekode: 3710**) in terme van **E12.3(ii)** doen, moet:
- (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum uit die modules HRR701, HRR702, HRR703, HRR709 of HRR710 en 'n navorsingsonderwerp vir die module HRR791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.
7. Studente wat 'n **LL.M. (gestruktureerd)** (**studiekode: 3712**) in terme van **E12.3(ii)** doen, moet:
- (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum van die modules HRR704, HRR705, HRR711, HRR712 of HRR713 en 'n navorsingsonderwerp vir die module HRR791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.
8. Studente wat 'n **LL.M. (gestruktureerd)** (**studiekode: 3714**) in terme van **E12.3(ii)** doen, moet:
- (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum van die modules IER702, IER703, IER704 of IER705 en 'n navorsingsonderwerp vir die module IER791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsings-metodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.

9. Studente wat 'n **LL.M. (gestruktureerd)** (**studiekode: 3716**) in terme van **E12.3(ii)** doen, moet:
- (i) 'n samestelling van sy/haar kurrikulum van die modules RGL701, RGL702, RGL703, RGL704 of RGL705 en 'n navorsingsonderwerp vir die module RGL791 aan die Fakulteitskomitee vir goedkeuring voorlê, en
 - (ii) die voorgeskrewe module in Regsnavorsingsmetodologie (NAV 714) gedurende die eerste semester bygewoon het.

Reg E12.2 Graad met lof **(Kyk Algemene Regulasie A93)**

Die LL.M. graad (Gestruktureerd) word *met lof* toegeken indien 'n kandidaat minstens 'n gesamentlike gemiddeld van 75% behaal het.

Die LL.M. graad (Verhandeling) word met lof toegeken indien 'n kandidaat minstens 'n geweegde gemiddeld van 75% behaal het waarvan die verhandeling 75% en die openbare verdediging 25% gewig dra.

Reg E12.3 KURRIKULUM

Vir die verwerwing van die LL.M. graad bestaan die volgende moontlikhede:

(i) LL.M. (Verhandeling) (240 Krediete)

- (a) Die kurrikulum bestaan uit 'n verhandeling van beperkte omvang van hoogstens 42 000 woorde wat handel oor 'n onderwerp uit die regs wetenskap, goedgekeur deur die Fakulteitsraad, asook 'n eksamen.
- (b) Die eksamen bestaan uit 'n openbare verdediging van die verhandeling na inhandiging daarvan.
- (c) Die openbare verdediging is beperk tot die onderwerp van die betrokke verhandeling.
- (d) Die verhandeling tel 75% en die openbare verdediging 25% van die totale punt en die kandidaat moet vir sowel die openbare verdediging as vir die verhandeling 'n slaagpunt behaal het.

(ii) LL.M. (Gestruktureerd) (240 Krediete)

- (a) Die kurrikulum bestaan uit 'n voorgeskrewe gevorderde studieprogram.
- (b) Eksaminering van die voorgeskrewe studieprogram bestaan uit: **(3 modules – 37 krediete elk)**
 - (i) minstens 'n drie uur vraestel in elkeen van die drie modules;
 - (ii) 'n **uitgebreide skripsie** van hoogstens 20 000 woorde van publseerbare gehalte. **(129 krediete)**

Die slaagsyfer vir elke individuele vraestel is 50%. Indien die departementele voorsitter toestemming verleen, kan 'n vraestel mondeling afgeneem word.

KURRIKULUMS (Studiekode: 3701)

E12.4 HANDELSREG

'n Verhandeling en eksamen (kode HRR 700)

E12.5 PRIVAATREG

'n Verhandeling en eksamen (kode PRG 700)

E12.6 STRAF- EN GENEESKUNDIGE REG

'n Verhandeling en eksamen (kode SFR 700)

E12.7 ROMEINSE REG EN REGSGESKIEDENIS

'n Verhandeling en eksamen (kode RRR 700)

E12.8 STAATSREG EN REGSFILOSOFIE

'n Verhandeling en eksamen (kode STR 700)

E12.9 PROSES- EN BEWYSREG

'n Verhandeling en eksamen (kode PSR 700)

KURRIKULUMS (Studiekode: 3702-3717)

Krediete: Kyk op bl. 28-29

Modules wat aangebied word en waaruit die gevorderde studieprogram saamgestel mag word, is:

ADR701	Administratiefreg	Jaar
ADR702	Administratiefreg	Jaar
ADR703	Administratiefreg	Jaar
ADR704	Administratiefreg	Jaar
ADR705	Administratiefreg Hervorming	Jaar
ADR791	Administratiefreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
FBR701	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR702	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR703	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR704	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR705	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR706	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR707	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR708	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR791	Finansiële Beplanningsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
HRR701	Vennootskapsreg	1e semester
HRR702	Beslote Korporasiereg	2de semester
HRR703	Korporatiewe Insolvensie	Jaar
HRR704	Arbeidsreg Deel I	1e semester
HRR705	Arbeidsreg Deel II	1e semester
HRR709	Maatskappyereg	Jaar
HRR710	Maatskappyereg: Korporatiewe Beheer	Jaar
HRR711	Arbeidsreg	1e semester
HRR712	Arbeidsreg	2de semester
HRR713	Aftreevoorsiening	2de semester

HRR714	Erkenningsmodule (Handelsreg)	1e semester
HRR716	Handelsmisdaad	1e semester
HRR791	Handelsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar

IER701	Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester
IER702	Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester
IER703	Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester
IER704	Internasionale Ekonomiese Reg	2de semester
IER705	Internasionale Ekonomiese Reg	2de semester
IER706	Internasionale Ekonomiese Reg	2de semester
IER791	Internasionale Ekonomiese Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
INR702	Internasionale Reg	Jaar
INR703	Internasionale Reg	Jaar
INR791	Internasionale Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
MNR702	Menseregte	1e semester
MNR703	Menseregte	1e semester
MNR704	Menseregte	2de semester
MNR705	Menseregte	1e semester
MNR791	Menseregte (Uitgebreide Skripsie)	2de semester
NAV714	Regsnavorsingsmetodologie	1e semester
OGR701	Omgewingsreg	1e semester
OGR702	Omgewingsreg	2de semester
OGR791	Omgewingsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
PRG702	Trustreg	2de semester
PRG703	Kontraktereg	2de semester
PRG705	Familiereg	2de semester
PRG706	Deliktereg	2de semester
PRG707	Skadevergoedingsreg	1e semester

PRG708	Sakereg	Jaar
PRG709	Personereg	2de semester
PRG791	Privaatreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
RGL701	Regsleer	Jaar
RGL702	Regsleer	Jaar
RGL703	Regsleer	Jaar
RGL704	Regsleer	Jaar
RGL705	Regshervorming in Jurisprudensiële Perspektief	Jaar
RGL791	Regsleer (Uitgebreide Skripsie)	Jaar

RSV713	Regskool: Vrystaat	1e of 2de semester
SFR701	Strafreg	Jaar
SFR703	Medicina Forensis	Jaar
SFR704	Ernstige Ekonomiese Misdaad	Jaar
SFR714	Erkenningsmodule (Straf- en Geneeskundige Reg)	1e semester
SFR791	Straf- en Geneeskundige Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
SPR701	Bewysreg	Jaar
SPR704	Erkenningsmodule (Prosesreg en Bewysleer)	1e semester
SPR791	Prosesreg en Bewysleer (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
STR702	Staatsreg	2de semester
STR791	Staatsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar

Slegs van toepassing op studente wat reeds in 2009 vir die LL.M. program geregistreer het!

2009 – KURRIKULUMS (Studiekode: 3702-3717)

Modules wat aangebied is en waaruit die gevorderde studieprogram saamgestel was:

ADR701	Administratiefreg	Jaar
ADR702	Administratiefreg	Jaar
ADR703	Administratiefreg	Jaar
ADR704	Administratiefreg	Jaar
ADR705	Administratiefreg Hervorming	Jaar
ADR791	Administratiefreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
ADR792	Administratiefreg (Skripsie)	Jaar
FBR701	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR702	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR703	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR704	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR705	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR706	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR707	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR708	Finansiële Beplanningsreg	Jaar
FBR791	Finansiële Beplanningsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
FBR792	Finansiële Beplanningsreg (Skripsie)	Jaar
HRR701	Vennootskapsreg	1e semester
HRR702	Beslote Korporasiereg	2de semester
HRR703	Korporatiewe Insolvensie	Jaar
HRR704	Arbeidsreg Deel I	1e semester
HRR705	Arbeidsreg Deel II	1e semester
HRR709	Maatskappyreg	Jaar
HRR711	Arbeidsreg	2de semester

HRR712	Arbeidsreg	2de semester
HRR713	Aftreevoorsiening	2de semester
HRR714	Erkenningsmodule (Handelsreg)	
HRR716	Handelsmisdaad	2de semester
HRR791	Handelsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
HRR792	Handelsreg (Skripsie)	Jaar
IER701	Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester
IER703	Internasionale Ekonomiese Reg	1e semester
IER704	Internasionale Ekonomiese Reg	2de semester
IER705	Internasionale Ekonomiese Reg	2de semester
IER791	Internasionale Ekonomiese Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
IER792	Internasionale Ekonomiese Reg (Skripsie)	Jaar
INR703	Internasionale Reg	Jaar
INR791	Internasionale Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
INR792	Internasionale Reg (Skripsie)	Jaar
MNR702	Menseregte	1e semester
MNR703	Menseregte	1e semester
MNR704	Menseregte	2de semester
MNR705	Menseregte	1e semester
MNR791	Menseregte (Uitgebreide Skripsie)	2de semester
MNR792	Menseregte (Skripsie)	2de semester
NAV714	Regsnavorsingsmetodologie	1e semester
OGR701	Omgewingsreg	1e semester
OGR702	Omgewingsreg	2de semester
OGR791	Omgewingsreg (Uitgebreide	Jaar

	Skripsie)	
OGR792	Omgewingsreg (Skripsie)	Jaar
PRG702	Trustreg	2de semester
PRG703	Kontraktereg	2de semester
PRG705	Familiereg	2de semester
PRG706	Deliktereg	2de semester
PRG707	Skadevergoedingsreg	1e semester
PRG708	Sakereg	Jaar
PRG709	Personereg	1e semester
PRG791	Privaatreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
PRG792	Privaatreg (Skripsie)	Jaar
RGL701	Regsleer	Jaar
RGL702	Regsleer	Jaar
RGL703	Regsleer	Jaar
RGL704	Regsleer	Jaar
RGL705	Regshervorming in Jurisprudensiële Perspektief	Jaar
RGL791	Regsleer (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
RGL792	Regsleer (Skripsie)	Jaar
RSV713	Regskool: Vrystaat	1ste of 2de semester
SFR701	Strafreg	Jaar
SFR703	Medicina Forensis	Jaar
SFR704	Ernstige Ekonomiese Misdaad	Jaar
SFR714	Erkenningsmodule (Straf- en Geneeskundige Reg)	
SFR791	Straf- en Geneeskundige Reg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
SFR792	Straf- en Geneeskundige Reg (Skripsie)	Jaar
SPR701	Bewysreg	Jaar
SPR704	Erkenningsmodule (Prosesreg en Bewysleer)	

SPR791	Prosesreg en Bewysleer (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
SPR792	Prosesreg en Bewysleer (Skripsie)	Jaar
STR702	Staatsreg	2de semester
STR791	Staatsreg (Uitgebreide Skripsie)	Jaar
STR792	Staatsreg (Skripsie)	Jaar

Besonderhede met betrekking tot die sillabusse, wat onder ander fakulteite ressorteer, kan in die betrokke fakulteit se jaarboek verkry word.

Sillabusse en modules

Reg E15

E15.1 Die inhoud van die sillabusse vir modules is, waar van toepassing in ooreenstemming met die minimumvereistes van die Raad vir die Erkenning van Regseksamens.

E15.2 Die sillabusse wat deur die verskillende departemente van die Fakulteit Regsgeleerdheid aangebied word, is soos volg:

Verplichtend vir alle LL.M studente!

NAV714 Regsnavorsingsmetodologie**Leeruitkomste:**

Die student moet in staat wees om:

- i) Verskillende regsnavorsingstegnieke en -metodes te kan verduidelik en gebruik.
- ii) Die teoretiese raamwerk en kernbegrippe van regsnavorsing te kan verduidelik.
- iii) Die proses van regsnavorsing en -skryf te verstaan.

Assessering:

Bywoning. twee werksopdragte.

HRR700 (Verhandeling)

Die titel van die verhandeling is die student se keuse, in oorleg met die betrokke studieleier van die relevante departement.

Assessering

Eksterne assessore, mondelinge voorlegging/openbare verdediging.

HRR701 Vennootskapsreg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Te kan begryp waarom 'n deeglike kennis van Vennootskapsreg nodig is vir die verstaan van fundamentele maatskappyregtelike leerstukke en belangrike aspekte van Beslote Korporasiereg.
- ii) Die historiese agtergrond en bronne van Vennootskapsreg sowel as die verskillende soorte vennootskappe te kan identifiseer;
- iii) 'n Vennootskapsooreenkoms te kan opstel, met deeglike kennis van die *essentialia* en *naturalia* van 'n vennootskap, vennootskapseiendom sowel as die regte en verpligtinge van vennote.
- iv) Die versamelingsteorie en die entiteitsteorie van die regsraad van 'n vennootskap te kan verstaan en te kan toepas ten einde die billikste resultaat in gegewe omstandighede te kan verkry.
- v) 'n Diepgaande kennis te kan toon van die verhouding tussen vennote en derde partye sowel as die toepassing van die relevante beginsels van Verteenwoordigingsreg, Arbeidsreg, Kontraktereg, Deliktereg en Prosesreg.
- vi) Die beginsels met betrekking tot ontbinding en sekwestrasie van 'n vennootskap en die tegeldemaking van bates te kan toepas.

Geïntegreerde kennis:

- i) Algemene beskrywing, historiese en vergelykende agtergrond, bronne en omskrywing van 'n vennootskap.
- ii) Spesifieke soorte en tipes vennootskappe.
- iii) Totstandbringings, *essentialia* en *naturalia* van 'n vennootskap.
- iv) Regsaard van 'n vennootskap: entiteits- en versamelingsteorie.
- v) Vennootskapseiendom.
- vi) Verhouding tussen die vennote *inter se*.
- vii) Verhouding tussen die vennote en derde partye.
- viii) Ontbinding, likwidasië en distribusie van bates.
- ix) Sekwestrasie.
- x) Regsvergelykende studie oor vennootskapsreg.

HRR702 Beslote Korporasiereg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die agtergrond, herkoms en ontwikkeling van die Wet op Beslote Korporasies, 1984 te verstaan en te verduidelik.
- ii) Die innoverende eienskappe en die voor- en nadele van die beslote korporasie in vergelyking met die private maatskappy, vennootskap en besigheidstrust te identifiseer.
- iii) Al die fasette van die beslote korporasie as eiesoortige regspersoon te kan integreer.
- iv) Die inhoud, werking, en wysiging van 'n stigtingsverklaring uiteen te sit, 'n beslote korporasie aan die hand daarvan op te rig en te omskep, asook die verskillende tipes voorinlywingskontrakte te evalueer.
- v) Die verkryging en beëindiging van lidmaatskap uiteen te sit en die handhawing van solvensie en likwiditeit te vergelyk met die instandhouding van aandeelkapitaal.
- vi) Die verhouding tussen die lede *inter se* en tussen die lede en die beslote korporasie te evalueer en samewerkings- en ander ooreenkomste op te stel.
- vii) Die vermoë en bevoegdhede van 'n beslote korporasie te evalueer.

- viii) Die verteenwoordigingsbevoegdheid van 'n korporateur te evalueer.
- ix) Ontbinding en deregistrasie van 'n beslote korporasie uiteen te sit en evalueer aan die hand van toepaslike statutêre bepalings.

Geïntegreerde kennis:

- i) Agtergrond, geskiedenis en ontwikkeling van die Wet op Beslote Korporasies 69 van 1984.
- ii) Kenmerke en administrasie.
- iii) Die beslote korporasie as regs persoon.
- iv) Oprigting en omskepping.
- v) Lidmaatskap, ledebelang en kapitaal.
- vi) Interne verhoudings.
- vii) Eksterne verhoudings.
- viii) Verantwoording en openbaarmaking.
- ix) Ontbinding en deregistrasie.
- x) Regsvergelykende studie oor beslote korporasiereg.

HRR703 Korporatiewe Insolvensiereg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Regsprobleme te kan identifiseer en op te los deur middel van kritiese- en kreatiewe denke.
- ii) Persoonlike en professionele aktiwiteite op 'n verantwoordelike, etiese en effektiewe wyse te benader en te bestudeer.
- iii) Effektiewe regsnavorsing te doen deur middel van insameling van data, analise en kritiese evaluering van inligting.
- iv) Die reg te beskou as 'n komponent van 'n interafhanklike sisteem in die gemeenskap, waar probleemoplossing nie in isolasie kan voorkom nie.

Geïntegreerde kennis:

Na voltooiing van die module, sal die student in staat wees om:

- i) Die proses van korporatiewe insolvensie en reddingskemas vanuit 'n nasionale en vergelykende perspektief te analiseer en evalueer.

- ii) Die beginsels rakende korporatiewe insolvensies te verstaan en kan implementeer.
- iii) Internasionale inisiatiewe krities te analiseer en te evalueer en om die internasionale proses en beginsels rakende korporatiewe insolvensies te kontroleer.
- iv) Die likwidasiegronde te kan uiteensit en te verduidelik.
- v) Die beginsels ten opsigte van die geregtelike bestuur van 'n maatskappy te verduidelik.

HRR704 Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Arbeidsreg en die Individuele Arbeidsreg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die aard van Arbeidsreg te verstaan en te verduidelik.
- ii) Die herkoms en ontwikkeling van Arbeidsreg in Suid-Afrika te verduidelik.
- iii) Die beginsels van die gemeenregtelike dienskontrak te verstaan en te onderskei en te vergelyk met ander kontraksoorte.
- iv) Die regte en verpligtinge van werkgewer en werknemer ingevolge 'n dienskontrak te identifiseer en te verduidelik.
- v) Die vryheid van assosiasie van werkgewers en werknemers uiteen te sit.
- vi) Die organiseringsregte van vakbonde te identifiseer.
- vii) Die agtergrond, inhoud en ontwikkeling van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 te verstaan en te verduidelik.

Geïntegreerde kennis:

- i) Die aard van Arbeidsreg.
- ii) Die ontwikkeling van Arbeidsreg in SA met inagneming van die onderskeid tussen individuele en kollektiewe Arbeidsreg.
- iii) Die ontwikkeling van die arbeidsregtelike verhouding tussen die werkgewer, die werknemer en die Staat.
- iv) Regsvergelykende studie van vryheid van assosiasie en organiseringsregte.

- v) Die gemeenregtelike dienskontrak, die onderskeid met ander soortgelyke kontraksoorte en die verpligting van goeie trou van werknemer teenoor werkgever.
- vi) Die inhoud en uitstaande kenmerke van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997.
- vii) Regsvergelykende studie oor individuele arbeidsreg.

HRR705 Kollektiewe Arbeidsreg en Nywerheids-demokrasie)

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) 'n Uiteensetting te gee van die ontstaan en die werking van kollektiewe Arbeidsreg.
- ii) Die reg om te staak, asook stakings en uitsluitings sowel as ander wyses van nywerheidsopptrede te kan beskryf en te evalueer.
- iii) Die werking en funksies van werkplekforums te kan verduidelik.
- iv) Die stand van werkersdeelname in Suid-Afrika in vergelyking met die posisie in ander lande te kan verduidelik en te evalueer.

Geïntegreerde kennis:

- i) Wet op Arbeidsverhoudinge, Grondwet (Wet 108 van 1996) en konvensies van Internasionale Arbeidsorganisasie m.b.t:
 - (a) Kollektiewe entiteite.
 - (b) Kollektiewe onderhandeling.
 - (c) Stakings en uitsluitings.
 - (d) Ander vorme van nywerheidsopptrede.
 - (e) Werkplekforums.
- ii) Wetgewing m.b.t. die stand van werkersdeelname in Suid-Afrika, Brittanje en Duitsland.

HRR709 Maatskappyereg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die geskiedenis en ontwikkeling van die Maatskappyereg te kan uiteensit.

- ii) Regspersoonlikheid sowel as die regsraad van die konstitusie van 'n maatskappy te kan verduidelik.
- iii) Die verskillende tipes maatskappye te kan verduidelik.
- iv) Die vereistes vir oprigting van 'n maatskappy te kan uiteensit.
- v) Die verdeling van bevoegdhede tussen die direksie en die algemene vergadering te kan verduidelik.
- vi) Die samestelling en funksie van die direksie te kan verduidelik.
- vii) Die posisie met betrekking tot die aanstelling, ontslag en diskwalifikasie van direkteure te kan uiteensit.
- viii) Die vertrouenspligte, sorgsaamheidspligte en persoonlike aanspreeklikheid van direkteure deeglik te kan verduidelik.
- ix) Kontraksluiting namens 'n maatskappy te kan verduidelik.
- x) Die beginsels rondom kapitaalinstandhouding en die terugkoop van eie aandele te verduidelik.
- xi) Beskerming van minderheidsaandeelhouders te verduidelik.

Geïntegreerde kennis:

- i) Geskiedenis en ontwikkeling van die maatskappyereg.
- ii) Regspersoonlikheid, maatskappytipes, oprigting en konstitusie.
- iii) Die verdeling van bevoegdhede en die algemene vergadering.
- iv) Die samestelling en funksies van die direksie.
- v) Die aanstelling, ontslag, diskwalifikasie, vertrouenspligte, sorgsaamheidspligte en persoonlike aanspreeklikheid van direkteure.
- vi) Kontraksluiting namens 'n maatskappy: vermoë en bevoegdheid.
- vii) Kapitaalinstandhouding en terugkoop van eie aandele.
- viii) Minderheidsbeskerming.
- ix) Regsvergelykende studie oor maatskappyereg.

HRR710 Maatskappyereg: Korporatiewe Beheer

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die aard en omvang van korporatiewe beheer in die Suid-Afrikaanse maatskappyereg te kan uiteensit.
- ii) Die invloed van korporatiewe beheer op die maatskappystrukture te kan verduidelik.
- iii) Die King Kodes te kan uiteensit en deeglik te kan verduidelik.
- iv) Die internasionale posisie ten aansien van korporatiewe beheer met die van Suid-Afrika te kan vergelyk.
- v) Die maatskappy se korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid te verduidelik.

Geïntegreerde kennis:

Korporatiewe beheer en stelsels.

Assessering:

Drie uur skriftelike eksamen.

HRR711 Diskriminasie en Arbeidsgeskilbeslegting

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die beginsels van diskriminasie en onbillike arbeidspraktyke asook die praktiese toepassing daarvan te verduidelik en te evalueer.
- ii) Die strukture / liggame wat geskep is vir hantering en oplossing van arbeidsgeskille asook die werking van sodanige liggame te verduidelik.
- iii) Die moontlike wyses waarop 'n werknemer ontslaan kan word te identifiseer en te bepaal watter wyses billik sal wees.

Geïntegreerde kennis:

- i) Die tersaaklike bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995; die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997 en die Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 met betrekking tot:
 - (a) Billike en onbillike diskriminasie.
 - (b) Onbillike arbeidspraktyke.
 - (c) Ontslag.
 - (d) Outomatiese onbillike ontslag.

- (e) Substantiewe billikheid.
- (f) Prosesuele billikheid.
- (g) KVBA en Bedingingsrade.
- (h) Arbeidshowe.

- ii) Beslissings van die KVBA en arbeidshoue.
- iii) Menings van skrywers in regstydskrifte.
- iv) Regsvergelykende studie oor diskriminasie en arbeidsgeskilbeslegting.

HRR712 Werks- en Bestaansbeveiliging van Werknemers

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) 'n Uiteensetting te gee van alle wetgewing en gemeenregtelike bepalings wat voorsiening maak vir die werks- en bestaansbeveiliging van werknemers.
- ii) 'n Uiteensetting te gee van die belangrikste bepalings van die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993 met verwysing na die vereistes waaraan voldoen moet word om te kwalifiseer vir vergoeding.
- iii) Die belangrikste bepalings van die Wet op Beroepsgesondheid en veiligheid, 1993 en die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, 1996 te identifiseer en te evalueer.
- iv) 'n Uiteensetting te gee van die belangrikste bepalings van wetgewing wat bestaan om die opleiding en die ontwikkeling van vaardighede van werknemers te verseker.
- v) Die voordele waarop werknemers in terme van wetgewing geregtig mag wees, te identifiseer en te evalueer.

Geïntegreerde kennis:

- i) Gemeenregtelike beginsels vir beskerming van die bestaansbeveiliging van werknemers in Suid-Afrika.
- ii) Regsvergelykende studie oor werks- en bestaansbeveiliging van werknemers.
- iii) Die tersaaklike bepalings van die volgende wette:
 - (a) Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1997.
 - (b) Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en –siektes, 1993.
 - (c) Wet op Bedryfsiektes in Myne en Bedrywe, 1973.
 - (d) Wet op Beroepsgesondheid en –veiligheid, 1993.
 - (e) Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, 1996.
 - (f) Wet op Werkloosheidsversekering, 1966.

(g) Wet op Vaardigheidsopleiding, 1998.

HRR713 Die Reg met betrekking tot Aftreevoorsiening in Suid-Afrika

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

- i) Die verskillende wyses van aftreevoorsiening in Suid-Afrika te identifiseer en te evalueer.
- ii) 'n Uiteensetting te gee van die registrasie en bestuur van aftreefondse.
- iii) Die vertrouensverpligtinge van lede van die bestuur van aftreefondse te identifiseer.
- iv) 'n Uiteensetting te gee van voordele waarop lede van aftreefondse geregtig mag wees.
- v) 'n Uiteensetting te gee van die wyse waarop klagtes oorweeg en bereg kan word deur die Beregter van Pensioenfondse.

Geïntegreerde kennis:

- i) Die Grondwet, die Wet op Pensioenfondse, 1956 en ander tersaaklike wetgewing.
- ii) Die ontwikkeling van die reg m.b.t. aftreefondse in SA's.
- iii) Die bestuur van fondse.
- iv) Die vertrouensverpligtinge van lede van die bestuur.
- v) Die oplossing en hantering van klagtes en geskille.
- vi) Studie van voordele waarop lede geregtig mag wees.
- vii) Regsvergelykende studie oor aftreevoorsiening.

HRR714 Erkenningsmodule (Handelsreg)

Die erkenningsmodule in Handelsreg word deur die Departement Handelsreg gefasiliteer. Dit dien as 'n erkenningsmeganisme vir modules wat by buitelandse universiteite geslaag is in terme van bestaande en toekomstige samewerkingsooreenkomste tussen die betrokke universiteite.

HRR715 Betaalmiddelereg

Leeruitkomst:

Die student moet in staat wees om:

